

# Heerskappy van die Aarde

## *Die uitwerking van die mens op die natuur*

Adrian Ebens

# *Heerskappy van die Aarde*

## Die uitwerking van die mens op die natuur

Adrian Ebens

Gedruk in Suid-Afrika deur

MARANATHA MEDIA

www.maranathamedia.co.za

# Inhoud


Vlug na die Heuwels! .......................................................................... 2

Die Verhouding tussen die Mens en die Natuur .............................................. 3

Die Aanvanklike Vloek van die Sonde ......................................................... 7

Die Heerskappy van die Mens oor die Aarde .................................................. 9

Die Verlore Heerskappy ........................................................................ 11

Satan se Mag Vermeerder deur die Mens se Wetteloosheid ......................... 13

Die Voorbeeld van Egipte ...................................................................... 15

Die Belangrikheid van die Sabbat ............................................................ 19

Die Seël van God ................................................................................ 21

Christus Dra die Vloek van die Aarde ........................................................ 22

Storm op die Meer ............................................................................... 28

Lees die Bybel in 'n Nuwe Raamwerk ........................................................ 30

# Vlug na die Heuwels!

Sedert ‘n jong ouderdom het ek die verhaal van Daniël 2, wat die rampspoedige einde van hierdie wêreld voorspel, geken. Die opkoms van vier wêreldryke, gevolg deur die verdeling in tien koninkryke. Die opkoms van die klein horinkie-mag om die oordeel in die gesig te staar, bevestig aan ons die nabyheid van die klip wat die beeld sal verbrysel, en die hemelse koninkryk sal vestig. Die onderwerpe van Matthéüs 24 was diep binne my afgeëts, waar Jesus Sy reaksie op die vraag “wat sal die teken van U koms en van die einde van die wêreld wees?” uitlê.

> **Matthéüs 24:7** Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke.

Dit was altyd in my gedagtes om die groter stede te verlaat om na die kleiner dorpies te gaan ter voorbereiding vir die vlug na die heuwels om die doodstraf teen die wat weier om die Sondagwette na te kom, te ontvlug.

> Daar is huidiglik geen tyd vir God se mense om hul toegeneentheid toe te spits op die wêreld of hul skat in die wêreld bymekaar te maak nie. Dit is nie meer lank voordat ons, soos die vroeë dissipels, gedwing sal word om ‘n toevlug te soek in eensame en verlate plekke. Soos die beleëring van Jerusalem deur die Romeinse leër die teken was vir die Judese Christene om te vlug, so sal die opneming van mag namens ons nasie, in die bevel dat die pouslike sabbat afgedwing word, ‘n waarskuwing vir ons wees. Dit sal dan tyd wees om die groot stede te verlaat vir tuistes in afgesonderde plekke tussen die berge. En nou, in plaas daarvan om duur wonings hier te soek, moet ons voorberei om te verhuis na ‘n beter land, selfs ‘n hemelse. In plaas van om ons middele in self-bevrediging te spandeer, moet ons leer hoe om te bespaar. Vry vertaal vanuit *Testomonies to the Church,* Vol. 5, bl. 464,465.

God se volk word ‘n tyd van grasie toegestaan in die aanloop na hierdie finale gebeurtenisse, om die beeld van Jesus te weerskaats en die seël van God te ontvang. Hulle ontvang tyd om dit te doen deur die engele wat die winde van stryd terughou.

**Openbaring 7:1-3** EN ná hierdie dinge het ek vier engele op die vier hoeke van die aarde sien staan, en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie. (2) En ek het ’n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met ’n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig (3) en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die diensknegte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie.

Wat presies is in hierdie vier winde?

Johannes sien die elemente van die nature – **aardbewing, storm en politieke twis** - waar dit voorgestel word dat dit vasgehou word deur vier engele. Hierdie winde word onder beheer gehou totdat God die bevel gee om dit te laat los. Vry vertaal vanuit *Testimonies to Ministers and Gospel Workers*, bl. 444.3.

## Die Verhouding tussen die Mens en die Natuur

In die lys wat Ellen White die elemente van die natuur noem, is dinge wat verwant is aan beide die mens en die skepping. Aardbewings natuurlike gebeurtenisse wat direk verwant is aan die aarde. Storms word gewoonlik ook geassosieer met die aarde, maar politieke twis is beslis iets wat uitsluitlik menslik is.

Is hierdie elemente in die skepping en in die mens bloot afsonderlike gebeurtenisse wat terselfdertyd aan die gang kom of is daar ‘n verhouding tussen die onmin van die mens en die stuiptrekkings van die natuur? Is dit moontlik dat wanneer ons vrede ondervind in onsself en in ons gemeenskap dat die aarde self op een of ander manier beïnvloed word? Aan die ander kant, as ons botsende gevoelens het en onstuimig binne onsself en ons verhoudings is, kan die aarde ook deur dit beïnvloed word?

**Psalm 119:165** Die wat u wet liefhet, het groot vrede, en vir hulle is daar geen struikelblok nie.

Die Bybel sê dat diegene wat liefde besit en daarom die wet onderhou, vrede sal ervaar. Sodanige vrede kom slegs van die Gees van God.

> **Jesaja 26:3** U sal 'n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar, want hulle vertrou op U.

Hierdie verhouding tussen die vredevolle Gees van God in verband met die onderhouding van die wet van God manifesteer in die welvaart van die siel.

> **Psalm 1:1-3** WELGELUKSALIG is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; (2) maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag. (3) **En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit.**

Die Psalmdigter gebruik die illustrasies van die natuur om hierdie voorspoed te beskryf. Soos die Gees van God die siel vul, bring dit goeie voedsame vrugte voort, dus word alles rondom hom positief beïnvloed.

Die seëninge en vervloekinge wat uiteengesit is in die boek Deüteronómium wys dat daar 'n direkte skakel is tussen die mens se onderhouding van die wet van God en die welvaart van oeste, die rustigheid van die omgewing, en beskerming teen wilde diere.

> **Deüteronómium 28:1-12** AS jy dan **goed luister na die stem van die HERE jou God om sorgvuldig te hou al sy gebooie wat ek jou vandag beveel**, dan sal die HERE jou God jou die hoogste stel bo al die nasies van die aarde. (2) En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die stem van die HERE jou God. (3**) Geseënd sal jy wees in die stad, en geseënd sal jy wees in die veld.** (4) **Geseënd sal wees die vrug van jou liggaam en die vrugte van jou land en die vrug van jou vee, die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee.** (5) **Geseënd sal wees jou mandjie en jou bakskottel.** (6) Geseënd sal jy wees by jou ingang, en geseënd sal jy wees by jou uitgang. (7) **Die HERE sal maak dat jou vyande wat teen jou opstaan, voor jou verslaan word; op een pad sal hulle teen jou uittrek en op sewe paaie voor jou uit vlug.** (8) **Die HERE sal die seën oor jou gebied in jou skure en in alles waar jy jou hand aan slaan; en Hy sal jou seën in die land wat die HERE jou God jou sal**

> **gee**. (9) Die HERE sal jou vir Hom as heilige volk bevestig soos Hy jou dit gesweer het, **as jy die gebooie van die HERE jou God hou en in sy weë wandel**. (10) En al die volke van die aarde sal sien dat die Naam van die HERE oor jou uitgeroep is, en hulle sal vir jou vrees. (11) **En die HERE sal die goeie aan jou oorvloedig gee in die vrug van jou liggaam en in die vrug van jou vee en in die vrugte van jou land, in die land wat die HERE aan jou vaders met 'n eed beloof het om aan jou te gee.** (12) Die HERE sal sy goeie skatkamer, die hemel, vir jou oopmaak om die reën van jou land op die regte tyd te gee en om al die werk van jou hand te seën; en jy sal aan baie nasies uitleen, maar self nie hoef te leen nie.

Wanneer hierdie gedeelte gelees word, is dit heeltemal natuurlik om te dink dat God sê: "as jy die regte ding doen, dan gee ek jou 'n lekkerny; Ek sal jou beloon." Wanneer ons dit van nader beskou, sien ons dat die seëninge wat na die land kom, voortvloei uit die vrede wat in die harte is van diegene wat God se wet liefhet. Die wet is natuurlik 'n weerkaatsing van die karakter van God. Om die wet lief te hê is om die karakter van God te besit.

> Mense weet nie wat hulle doen wanneer hulle Gods wet afskaf nie. **Die wet van God is 'n skriftelike weergawe van Sy karakter**. Dit beliggaam die beginsels van Sy koninkryk. Hy wat weier om hierdie beginsels aan te neem, bring hom buite die kanaal waar Gods seeninge vloei. *Die Gelykenisse van Christus*, bl. 218 (*Christ's Object Lessons*, p.305.3

Kan jy die eenvoud van hierdie proses sien? Binne die wet van God is die beginsels van Sy koninkryk. Wanneer ons in hierdie beginsels wandel, vloei die vreugde, vrede en blydskap wat na ons toe kom uit die hart en na alles waarmee ons in aanraking kom. God laat nie noodwendig goeie dinge gebeur omdat ons wys dat ons die regte ding doen nie. Die gees van rustigheid in ons vloei uit na ons families, ons landerye, en ons omgewing. Dit is die natuurlike wet.

Die effek van die karakter van die mens op die aarde word duidelik deur Jesaja uitgebeeld in die volgende skrifgedeelte:

> **Jesaja 24:4-6** Die aarde treur, dit verwelk; die wêreld versmag, dit verwelk; en die hoogstes van die mense van die aarde versmag. (5) Want die aarde is ontheilig onder sy bewoners; want hulle het die

wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek. (6) Daarom verteer die vloek die aarde en moet sy bewoners boet; daarom word die bewoners van die aarde deur 'n gloed verteer en bly daar min mense oor.

Kom ons ondersoek vers 5 uit 'n paar verskillende vertalings.

**Jesaja 24:5** (Nuwe Lewende Vertaling) **Die aarde ly ter wille van die sonde van sy mense,** want hulle het God se opdragte verontagsaam, sy voorskrifte verdraai, sy ewige verbond verbreek.

**Isaiah 24:5** (American Standard Version) **The earth also is polluted under the inhabitants thereof**; because they have transgressed the laws, violated the statutes, broken the everlasting covenant.

**Isaiah 24:5** (The Living Bible) **The land is defiled by crime**; the people have twisted the laws of God and broken his everlasting commands.

Die Ewige Verbond is die plan ontwerp deur God om ons harte teenoor Hom te verander. Deur die geskenk van Sy Seun, word ons harde harte versag deur Sy liefde en deur bekering van ons hardkoppigheid ontvang ons Sy Gees wat ons in staat stel om in Sy wet te wandel.

Dit is welbekend dat langdurige stres ons liggame afbreek. 'n Persoon wat verteer word deur woede sal uiteindelik sy liggaam beskadig. Die langdurige hartseer van skuldgevoelens of die gewig van depressie takel ons gesondheid af.

**Psalm 32:1-3** Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is. (2) Welgeluksalig is die mens aan wie die HERE die ongeregtigheid nie toereken nie en in wie se gees geen bedrog is nie. (3) **Toe ek geswyg het, het my gebeente uitgeteer in my gebrul die hele dag;**

Vir Dawid het dit gevoel asof sy beendere uitgeteer het onder die las van skuldgevoelens as gevolg van oortreding. Hierdie gekreun van die siel vind 'n eggo in die wyer skepping.

**Romeine 8:20-22** Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe — nie gewillig nie, maar ter wille van Hom wat dit onderwerp het — (21) in die hoop dat ook die skepping self vrygemaak sal word van die

> slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God. (22) Want ons weet dat **die hele skepping tesame sug** en tesame in barensnood is tot nou toe.

Paulus sê duidelik vir ons dat die hele skepping onderworpe is aan agteruitgang. Hierdie nietigheid of agteruitgang is egter nie iets wat deur die natuurlike wêreld veroorsaak is nie. Dit is in die slawerny van agteruitgang geplaas as gevolg van die mens. Soos die mens sug as gevolg van sy sondes, net so sug die aarde ook, as gevolg van die mense se agteruitgang.

## Die Aanvanklike Vloek van die Sonde

As ons die storie van die val van die mens ondersoek, leer ons meer van hoe die aarde geraak word deur die gedagtes en optrede van die mens.

> **Genesis 3:17-19** En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie — vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. (18) Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet. (19) In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet totdat jy terugkeer na die aarde, want daaruit is jy geneem. Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.

Daar is 'n aantal elemente in hierdie skrifgedeelte om te oorweeg.

1. Luister na die stem van sy vrou
2. Die eet van die boom
3. Die vervloeking van die grond veroorsaak dorings en distels
4. Dit was ter wille van Adam

Adam het gerebelleer omdat hy na die stem van sy vrou geluister het en nie na sy Skepper nie.

> **1 Korinthiërs 11:3** Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus.

> **1 Timótheüs 2:12-13** Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou. (13) Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva.

> **Genesis 2:22** En die HERE God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot ’n vrou en bring haar na die mens.

Adam was in ‘n posisie van hoofskap geplaas oor sy vrou. Sy het van hom gekom en haar lewe deur hom ontvang. Die vrou moes nie die posisie van gesag inneem om haar man te onderrig nie, maar die man moes biddend en sagkens sy vrou lei. Adam en Eva was in die beeld van God en Sy Seun gemaak. Dit is die Goddelike Patroon.

> **1 Korinthiërs 8:6** tog is daar vir ons maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is, en ons deur Hom.

Soos die Vader die bron is en Sy Seun die kanaal, so was Adam die aardse bron en sy vrou, Eva, die kanaal. Vir meer oor hierdie onderwerp sien die boekie *Die Goddelike Patroon van die Lewe*. Toe Eva die posisie van gesag ingeneem het om haar man te leer omtrent die boom van kennis, het dit die aard van hul verhouding verander. Die daad om haar man te verlei om die vrug van die boom te eet was ‘n daad van rebellie. Deur te luister na die stem van sy vrou, het Adam hierdie rebellie goedgekeur. Eva was bedrieg, maar Adam het presies geweet wat hy doen. Hierdie daad van rebellie het onmiddellik ‘n nuwe wêreld orde geskep.

> Onder die vloek van die sonde sou die hele natuur teenoor die mens getuig van die gevolge van opstand teen God. God het die mens gemaak om oor die aarde en al die lewendige wesens te heers. Solank Adam aan die Hemel getrou gebly het, was die ganse natuur aan hom onderdanig. Maar toe hy teen die Goddelike wet opstaan, het die minderwaardige skepsele teen hom opgestaan. So het die Here in Sy genade probeer om die heiligheid van Sy wet aan die mense te verduidelik en om hulle deur eie ervaring te leer hoe gevaarlik dit is om dit, selfs in die geringste mate, te veronagsaam. *Patriarge en Profete, bl. 52*; *Patriarchs and Prophets*, p. 59,60

## Die Heerskappy van die Mens oor die Aarde

Hier vind ons iets verbasend. Alles in die skepping was aan die begin onderhewig aan Adam. Sy heerskappy was direk gekoppel aan sy onderdanigheid aan God. Hierdie verbinding tussen die mens en die aarde is duidelik geopenbaar in die skeppingsverhaal.

> **Genesis 2:7** En die HERE **God het die mens geformeer uit die stof van die aarde [H127]** en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword.
>
> **Genesis 2:9** En die HERE God het allerhande bome uit die grond [H127] laat uitspruit, begeerlik om te sien en goed om van te eet; ook die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van die kennis van goed en kwaad.
>
> **Genesis 1:26-28** En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. (27) En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape. (28) En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.

Die mens is van stof gemaak. Hy was uit die aarde geneem. Alle vrugte, blomme, bome en plante was ook uit die aarde geneem. Adam en Eva was heerskappy gegee oor die skepping. Vers 27 herinner ons aan die patroon waarin Adam en Eva geskep is – die beeld van God en Sy Seun.

> Nadat die aarde tot stand gebring is en die diere daarop het die Vader en die Seun hulle plan tot uitvoer gebring. Hierdie plan was ontwerp voor die val van Satan. Saam het hulle gewerk aan die skepping van die aarde en elke lewende ding daarop. **Nou sê God aan Sy Seun, "Laat ons mense maak na ons beeld**. Vry vertaal vanuit *The Spirit of Prophecy*, Vol. 1, bl. 24,25

Hierdie beeld van bron-na-kanaal hou die sleutel tot die seëninge wat vrugbaarheid bring. Die onderwerping van die aarde moes op ‘n soortgelyke beginsel plaasvind as wat Christus die storm op die see stilgemaak het.

> **Markus 4:39** En Hy het opgestaan en die wind bestraf en vir die see gesê: Swyg, wees stil! En die wind het gaan lê, en daar het ’n groot stilte gekom.

Die groot kalmte in die siel van Christus het oor die skepping geheers. As die tweede Adam, het Christus Sy heerskappy oor die aarde gemanifesteer en dit onderwerp deur Sy vredevolle Gees wat in harmonie met die wet van Sy Vader was.

Toe Adam teen God gerebelleer het en die vrugte geëet het, het die kosbare kleed van lig wat Adam en Eva bedek het, verdwyn. Dit was ‘n onmiddellike teken dat Adam homself van die bedekking van God verwyder het en onafhanklik van Hom gestaan het.

> ‘n Lieflike sagte lig, die lig van God, het die heilige paar omhul. **Hierdie kleed van lig was ‘n simbool van hul geestelike kleed van hemelse onskuld**. As hulle getrou aan God gebly het, sou dit hul voortdurend omhul het. **Maar toe sonde intree, het hulle hul verbinding met God afgebreek, en die ligkring om hulle het verdwyn.** Nakend en skaam het hulle die hemelse klere probeer vervang deur vyeblare aanmekaar te werk as ‘n bedekking. *Die Gelykeniss van Christus*, bl.224; *Christ Object Lessons*, bl. 310.4

Elke keer wanneer ons sondig, openbaar ons ‘n gees van rebellie. Hierdie gees van rebellie word dan in die aarde weerspieël. Wanneer mens teen God rebelleer, rebelleer die aarde teen die mens. Die stuiptrekkings van die aarde, die kragdadige stortvloed van water wat hul grense oorskrei en mens en dier wegvee, is slegs ‘n weerkaatsing van die opstand van die mens. Elke keer wanneer ‘n kind sy ouers uittart, word die aarde geraak. Elke keer wanneer ‘n vrou haar man se gesag verwerp, word die aarde beïnvloed. Elke keer wanneer ‘n man sy vrou en kinders mishandel, word die aarde mishandel en word die gees van opstand geberg; hoe groter die mishandeling van mense, hoe groter die uiteindelike opstand van die aarde.

Ons kom terug na die derde punt. Dorings en distels het in die skepping begin groei. Het God hierdie geskep spesifiek om die mens pyn te veroorsaak? Nee, die skerpheid van die dorings wat op die plante gegroei het, was bloot 'n weerspieëling van die skerpheid van die tong en gees van die mens. Hoe skerper die mens geword het, hoe meer het die dorings gegroei om hom te waarsku teen die verharding van sy hart.

> In plantmorfologie is dorings en stekels, en in die algemeen spinose strukture (soms spinose tande of spinose apikale prosesse genoem) harde, rigiede uitbreidings of modifikasies van blare, wortels, stingels of knoppe met skerp, stywe punte en oor die algemeen dien dit dieselfde funksie: fisiese beskerming teen diere om die plantmateriaal te eet.
>
> https://en.wikipedia.org/wiki/Thorns,spines,_and_prickles

God het nie dorings geskep nie. Die verharde rebelse gees van die mens het op die aarde geval en die teer, sagte blare omskep in 'n instrument van pyn en verdriet. Die sagmoedige leeu, beer en tier was nou gevul met die rebelse gees van die mens en nou sou Adam en sy afstammelinge in vrees lewe teenoor die skepsels wat eens onder hul heerskappy gestaan het.

## Die Verlore Heerskappy

Toe Adam die vrug van die boom van kennis in rebellie teen God geëet het, het hy sy heerskappy aan Satan afgestaan. Hierdie skelm rebel het nie alleenlik heerskappy oor Adam en Eva toe-geëien nie, maar ook die heerskappy oor die hele aarde.

> **Voortdurend was hulle ook aan hul verlore heerskappy herinner.** Onder die geringer skepsele het Adam as koning gestaan, en solank hy aan God getrou gebly het, het die ganse natuur sy gesag erken; **maar toe hy oortree, is hierdie heerskappy verbeur. <u>Die gees van rebellie, waaraan hyself toegang verleen het, het deur die ganse diereryk versprei. So het nie net die lewe van die mens nie, maar die geaardheid van die diere, die bome van die woud, die gras van die veld, selfs die lug wat hy ingeasem het</u>; alles die treurige les**

**van die kennis van kwaad verkondig.** *Opvoeding,* bl.13; *Education, p.26.4*

Nie net het die mens onder die mag van die verleier gekom nie, maar die aarde self, die heerskappy van die mens was deur die vyand toegeëien. Vry vertaling vanuit *The Bible Echo*, July 15, 1893

Dit beteken dat die vlak waarop Satan die elemente van die aarde kan beheer, direk verband hou met die vlak van rebellie van die mens teen God. Die vlak van hierdie rebellie word direk gemeet deur die hoeveelheid weerstand teen die wet van God. Soos ons vroëer ontdek het:

**Jesaja 24:5** Want die aarde is ontheilig onder sy bewoners; want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek.

Neem sorgvuldig kennis van die volgorde uit hierdie aanhaling uit *Die Groot Stryd* wat met die skrifgedeelte van Jesaja 24:5, wat aangehaal is, eindig.

Satan werk deur die elemente om sy oes van onvoorbereide siele in te samel. Hy het die geheime van die laboratoriums van die natuur nagegaan, en hy gebruik al sy krag om die elemente te beheers sover as God hom toelaat. Toe hy toegelaat is om Job te teister, hoe vinnig was die vee en beeste en diensknegte en huise en kinders weggeveeg; die een ramp het op die ander gevolg soos in 'n oomblik. Dit is God wat Sy skepsels beskerm, en hulle beskut teen die mag van die verwoester. Maar die Christenwêreld het sy minagting van die wet van Jehova getoon; en die Here sal doen presies wat Hy verklaar het dat Hy sal doen – Hy sal Sy seëninge van die aarde onttrek, en Sy beskerming ontneem aan diegene wat in opstand is teen Sy wet, en wat ander leer en dwing om dieselfde te doen. Satan beheers almal wat nie spesiaal deur God beskerm is nie. Hy sal sommige begunstig en voorspoedig maak om sy eie planne te bevorder; en oor ander sal hy moeilikhede laat kom om hulle te lei om te glo dat dit God is wat hulle teister. *Die Groot Stryd,* Hoofstuk 36, bl. 664.2

Terwyl hy hom aan die mensekinders voordoen as die groot geneesheer wat al hulle siektes kan genees, sal hy siekte en rampe laat ontstaan totdat digbewoonde stede omgeskep is in ruïnes en verwoesting. Hy is nou reeds aan die werk. In ongelukke en rampe op see en land, in groot brande, in verwoestende winde, in verskriklike haelstorms, in storms, oorstromings, orkane, vloedgolwe, en aardbewings, orals en in 'n duisend vorms, beoefen Satan sy mag. Hy

> laat ryp oeste verwoes, en hongersnood en ellende is die gevolg. Hy besoedel die lug, en duisende kom om in pestelensies. Hierdie rampe sal meer dikwels en met ontsettender gevolge kom. Verwoestings sal kom oor mens en dier. “Die aarde treur, dit verwelk; …en die hoë mense van die aarde versmag. Want die aarde is ontheilig onder sy bewoners; want hulle het die wette oortree, die insetting geskend, die ewige verbond verbreek.” Jes. 24.4,5 *Die Groot Stryd*, Hoofstuk 36, bl. 665.1

## Satan se Mag Vermeerder deur die Mens se Wetteloosheid

Dit is Satan wat sy bevoegdheid deur tornado’s, aardbewings, vloede en storms uitoefen. Hy is deur God beperk deur die heining van beskerming van die wet. Hoe verder ‘n nasie wegbeweeg van die wet van God, hoe groter beheer het Satan om vernietiging op die aarde te bring.

> Die Here se vloek is op die aarde, op die mense, op die dier, op die visse in die see, en soos oortreding byna universeel word, sal die vloek toegelaat word om toe te neem, in dieselfde mate as die oortreding. Vry vertaling vanuit *Letter 59, 1898; SDA Bible Commentary*, Vol. 1, Bl. 1085.9

Omdat die mens Hom verwerp deur die keuses wat hy uitoefen word God gedwing om Sy beskerming te verwyder. Wanneer die mens besluit om God uit hul gedagtes te blok en hulself in opstand te stel teen Hom en in ope uittarting teen te staan, respekteer die Here hul keuse met hartseer en laat hulle toe om die leier te volg wat hulle gekies het.

> **God doen afrekening met die nasies.** Nie ‘n swaeltjie val op die grond sonder dat Hy daarvan bewus is nie. Diegene wat boosheid bewerk teenoor hul medemens en sê: “Hoe sal God weet?” sal eendag geroep word om lank reeds uitgestelde verantwoordelikheid in die gesig te staar**. In hierdie eeu word ‘n meer as algemene minagting aan God getoon. Die mens het ‘n mate van parmantigheid en ongehoorsaamheid bereik wat toon dat hul beker van ongeregtigheid byna vol is. Baie het byna die grens van genade oorgesteek.** God sal binnekort wys dat Hy inderdaad die lewende God is**. Hy sal aan die engele sê: “Moenie langer stry teen Satan in sy pogings om te vernietig nie. Laat hy sy kwaadwilligheid uitwerk**

**op die kinders van ongehoorsaamheid; hul beker van hul ongeregtigheid is vol. Hulle het gevorder van een graad van boosheid na 'n volgende, om daagliks by hul wetteloosheid te voeg. Ek sal nie meer inmeng om te verhoed dat die vernietiger sy werk doen nie."** Die tyd is nou op ons. Die Gees van God word onttrek van die aarde. **Wanneer die engel van genade haar vlerke vou en onttrek, sal Satan die bose dade doen wat hy lankal graag wou doen. Storm en orkaan, oorlog en bloedvergieting, --in hierdie dinge het hy 'n behae, en so samel hy sy oes in.** Die mens word heeltemal mislei deur hom sodat hulle sal verklaar dat hierdie rampe die resultaat is van die ontheiliging van die eerste dag van die week. Vanaf die kansels van die gewilde kerke sal die stelling gemaak word dat die wêreld gestraf word, omdat die Sondag nie gerespekteer word soos dit moet nie. Dit sal nie baie van die verbeelding vereis dat die mense dit glo nie. Hulle word gelei deur die vyand, en dus kom hul tot gevolgtrekkings wat heeltemal onwaar is. Vry vertaling vanuit *The Review and Herald, September 17, 1901, par. 8,9*

Daar is dus 'n duidelike verband tussen die wetteloosheid van die mens en die vernietigende rampe van die natuur. Ongelukkig glo baie mense dat God die een is wat persoonlik sondaars vernietig deur aardbewing, vuur en vloed. Wanneer iemand sterf aan 'n oordosis dwelms, of aan alkoholmisbruik of sigarette, blameer niemand vir God daaroor nie. Dit word verstaan dat wanneer jy die gesongheidswette oortree, jy sal sterf. Hierdie selfde wet is van toepassing op die natuurlike wêreld, want die aarde word direk deur die gees van die mens, beïnvloed.

**Onder die veronderstelde wysheid van die mens, word die natuur geplaas waar sy 'n vernietigende agent raak.** Die goeie dinge wat gegee is om die mens tot seën te wees, word omskep in 'n vloek. Deur die gebruik van wyn en sterk drank het die mens die slaaf geword van eetlus. God tree nie tussenbeide deur 'n wonderwerk te bewerk om die bose in die goeie te omskep nie; want **Hy het die hele natuur onder Sy ewige wette geplaas**. Laat daar geen vrede vir die goddelose wees nie, sê Hy. Laat hy met alles in stryd gewikkel wees. En die natuur reageer, "Daar sal niks wees nie." **As die mens homself in sy eie hande neem, om met homself te doen soos hy goeddink, as hy teen God en die natuur werk, sal sy soeke na bevrediging die instrumente van sy dood word.** Vry vertaling vanuit *Manuscript Releases*, vol.3, p.344.2

## Die Voorbeeld van Egipte

Dit is presies hoe die plae op Egipte geval het. Die oortreding van die wette van die natuur het veroorsaak dat die plae op hierdie nasie val.

> Onder die hand van God getuig die natuur teen die oortreders van God se wette. Sy hou haar vernietigende elemente in haar boesem tot die tyd wanneer hulle sal losbreek om die mens te vernietig en die aarde te reinig. **Toe Farao God uitgetart het deur Moses en Aäron en gesê het, "Wie is die Here na wie se stem ek moet luister...? Ek ken die Here nie, en ek sal Israel ook nie laat trek nie." het die natuur haar simpatie teenoor haar verontregde Skepper uitgedruk**, en met God saamgewerk om die beledigings teenoor Jehovah te wreek. **Die hele Egipte is verwoes weens die hardnekkige weerstand van Farao.** Vry vertaal vanuit *Letter 209, 1899.23*

God het nie persoonlik Egipte vernietig nie. Hy het eintlik vir Moses gestuur om aan Farao te appélleer om hulle toe te laat om 'n fees te hou.

> **Eksodus 5:1-3** EN daarna gaan Moses en Aäron en sê vir Farao: So spreek die HERE, die God van Israel: Laat my volk trek, dat hulle vir My 'n fees kan hou in die woestyn. (2) Maar Farao antwoord: Wie is die HERE na wie se stem ek moet luister om Israel te laat trek? Ek ken die HERE nie, en ek sal Israel ook nie laat trek nie. (3) Toe sê hulle: Die God van die Hebreërs het ons ontmoet; laat ons tog drie dagreise ver die woestyn intrek en aan die HERE onse God offer, sodat Hy ons nie tref met die pes of die swaard nie.

Wat was so betekenisvol om die fees te hou wat sou verhoed dat die plae op Egipte val?

> **Levitikus 26:1-6** JULLE mag vir julle geen afgode maak nie; en 'n gesnede beeld of 'n klippilaar mag julle vir julle nie oprig nie en 'n steen met beeldhouwerk in julle land nie opstel om julle daarby neer te buig nie; want Ek is die HERE julle God. (2) **My sabbatte moet julle hou en my heiligdom ontsien.** Ek is die HERE. (3) **As julle in my insettinge wandel en my gebooie hou en dit doen, (4) sal Ek julle reëns gee op die regte tyd,** en die land sal sy opbrings gee, en die bome van die veld sal hulle vrugte gee. (5) En die dorstyd sal vir julle aanhou tot die druiwe-oes, en die druiwe-oes sal aanhou tot die saaityd, en julle sal jul brood volop eet en veilig in julle land woon. (6)

**Ook sal Ek vrede gee in die land, sodat julle sal lê en rus sonder dat iemand julle skrikmaak;** en Ek sal die wilde diere uit die land laat verdwyn, en geen swaard sal deur julle land trek nie.

Die fees wat Israel opdrag gegee is om te hou, was die Pasga en Fees van Ongesuurde Brode. As jy die offers wat gedurende die feeste geoffer is, sorgvuldig bestudeer, sal jy iets baie interessant vind. Die hoeveelhede meel en olie word gevind in Numerí hoofstuk 28 en 29.

| **Offer** | **Meel** | **Olie** |
|---|---|---|
| Daagliks | 4.4 kg | 1.8 lt |
| Sabbat | 8.8 kg | 3.6 lt |
| Nuwe Maan | 37.4 kg | 15.3 lt |
| Ongesuurde Brood | 266.2 kg (30 x Sab. Offers) | 108.9 lt |
| Sewende Maand Feeste | 869 kg (100 x Sab. Offers) | 359.2 lt |

Die meel en olie was saam gemeng om ‘n ongesuurde brood te maak. Hierdie brood was ‘n simbool van Christus en die teenwoordigheid van Sy Gees wat gedurende hierdie tye van verkwikking kom, Handelinge 3:19. Vir meer besonderhede hieroor lees asseblief *Sabbatsfontein* en *Lewende Brood uit die Hemel*.

As Farao Moses en Israel toegelaat het om die fees te gaan hou, sou hulle toegang verkry het tot ‘n groot seën van die Gees. Hierdie seën sou die harte van die mense versag en ‘n direkte effek op die land gehad het. Deur die Sabbatseën sou die Here aan die opstandige aarde kon sê – “swyg, wees stil.”

Hoekom was die aarde in opstand? ‘n Paar honderd jaar vantevore het Egipte die geleentheid ontvang om die ware God te ken deur die bediening van Josef. Eerder as om die ware God te erken, het hulle die volgende gedoen:

**Romeine 1: 18 - 23** WANT die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk, (19) **omdat wat van God geken kan word, in hulle openbaar is, want God het dit aan hulle geopenbaar.** (20) Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen

> verontskuldiging het nie; (21) **omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge,** en hul onverstandige hart is verduister. (22) **Terwyl hulle voorgee dat hulle wys is, het hulle dwaas geword.** (23) **en die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere.**

Egipte het ten volle in afgodery gegaan en baie van die skepsels en voorwerpe van die natuur aanbid. Tweedens het Egipte verdorwe geword in hul begeertes. Paulus verduidelik hierdie volgorde in Romeine 1:

> **Romeine 1: 24-27** Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer — (25) hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen. (26) **Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is;** (27) **en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang**.

Afgodery lei tot verdraaide seksualiteit. Owerspel, homoseksualiteit, pedofilia en dierlikheid is praktyke wat 'n direkte impak op die aarde het.

> **Levitikus 18:3** Volgens die werke van die land van Egipte waar julle in gewoon het, mag julle nie doen nie; en volgens die werke van die land Kanaän waarheen Ek julle bring, mag julle nie doen nie, en julle mag in hulle insettinge nie wandel nie.

Wat is die dinge wat die Here Israel beveel het om nie te doen wat hierdie nasies gedoen het nie?

1. Bloedskande. Levitikus 18: 6-18
2. Seks tydens 'n vrou se menstruasie. Levitikus 18:19
3. Egbreuk. Levitikus 18:20
4. Offer hul kinders aan afgode. Levitikus 18:21
5. Homoseksualiteit. Levitikus 18:22
6. Vleeslike gemeenskap met 'n dier. Levitikus 18:23

Hierdie was die praktyke van Egipte soos aangedui in Levitikus 18:3. Hierdie praktyke was die gevolg van hulle afgodery, soos in Romeine 1 aangedui word. Wat is die gesamentlike resultaat van hierdie dinge?

> **Levitikus 18:25** So het die land dan onrein geword; en Ek besoek sy ongeregtigheid daaraan, **sodat die land sy inwoners uitspuug**.

Hoe het die land die inwoners uitgespuug? Deur die plae wat op hulle geval het. Die Israeliete was nie vrygestel van sommige van die Egiptiese praktyke nie, sommige van hulle het valse gode aanbid en betrokke geraak in hul rituele.

> Die kinders van Israel was vir baie jare in slawerny onder die Egiptenare. Slegs 'n paar gesinne het na Egipte gegaan, maar hulle het 'n groot menigte geword. **Deur omring te wees met afgodery het baie van hulle die kennis van die ware God verloor en Sy wet vergeet. En hulle het met die Egiptenare verenig in hul aanbidding van die son, maan en sterre, asook van diere en beelde, die werk van mense se hande.** Vry vertaal vanuit *The Story of Redemption*, p. 112.1

Deur al hierdie gruwels was Satan in staat om beheer van die elemente te neem en was gereed om Egipte en die Israeliete saam te vernietig. Moses het probeer om Israel te onderrig om terug te keer na die onderhouding van die Sabbatte.

> In hul slawerny het die Israeliete in 'n sekere mate reeds van Gods wet vergeet, en hulle het van Sy insettinge afgedwaal. Hulle het **die Sabbat oor die algemeen verontagsaam, en die strenge eise van hul opsigters het dit skynbaar onmoontlik gemaak om dit te onderhou.** Moses het die volk egter daarop gewys dat gehoorsaamheid aan God die eerste vereiste van verlossing was; en hul pogings om **Sabbatsviering weer in te stel is deur hulle onderdrukkers opgemerk.** *Patriarge en Profete, bl. 262; Patriarchs and Prophets*, p. 258.1

## Die Belangrikheid van die Sabbat

Satan het die woede van Farao verwek toe Israel begin het om die Sabbat te onderhou en so het hy hulle stene laat maak sonder om strooi te verskaf.

> **Eksodus 5:5-7** Verder het Farao gesê: Kyk, die volk van die land is alreeds baie; en julle wil hulle laat ophou met hulle werk? [Sabbat H7673] (6) Daarom het Farao dieselfde dag aan die drywers onder die volk en die opsigters bevel gegee en gesê: (7) Julle moet die volk geen strooi meer gee om bakstene te maak soos gister en eergister nie. Laat hulle self gaan en vir hulle strooi versamel.

Deur die onderhouding van die Sabbat en die feeste, is ‘n weg geopen waardeur die Gees van Christus (wie die Here van die Sabbat is, Matt. 12:8) die rebellie wat in die natuur vergader het, te onderwerp en weer te kalmeer.

> **Eksodus 5:3** Toe sê hulle: Die God van die Hebreërs het ons ontmoet; laat ons tog drie dagreise ver die woestyn intrek en aan die HERE onse God offer, sodat Hy ons nie tref met die pes of die swaard nie.

Ons sien die kombinasie van hongersnood en swaard gelys. Die gebruik van die swaard kom van die opgewekte passie in die mens. Peste is ‘n resultaat van die rebellie van die mens teen die wet van God.

Die Sabbat self wys aan ons die verhouding tussen die mens en die aarde deur die land se Sabbat wat elke sewe jaar moes onderhou word.

> **Levitikus 25:3-5** Ses jaar lank mag jy jou land saai en ses jaar lank jou wingerd snoei en die opbrings daarvan insamel; (4) maar in die sewende jaar moet daar vir die land volkome rus wees, ’n sabbat vir die HERE; jou land mag jy nie saai en jou wingerd nie snoei nie. (5) Wat van jou oes opslaan, moet jy nie afoes nie, en die druiwe van jou ongesnoeide wingerdstok nie afsny nie. Dit moet ’n jaar van rus vir die land wees.

Die mens en sy diere (os, esel) moet elke sewende dag rus en die aarde moet elke sewe jaar rus as ‘n weerkaatsing van die rus van die mens. So, die Sabbatsbeginsel self vertel ons dat daar ‘n rusbeginsel is, nie slegs vir die mens nie, maar ook vir die diere en die land.

In die laaste dae van die aarde se geskiedenis sal daar 'n herhaling van aspekte van die geskiedenis van Egipte wees. Daar sal weer plae wees wat op die aarde gaan val. Hierdie keer gaan daar sewe van hulle wees. Sien Openbaring 16.

Soos in die dae van Moses, sal die Sabbat aangebied word as die kanaal van God se seëning om die Gees van Christus te bring om die aarde te onderwerp. Ons sien die volgorde van gebeure wat in hierdie tyd sal plaasvind.

> Ek het gesien dat God kinders het wat nie die Sabbat sien en hou nie. Hulle het nie die lig in verband daarmee verwerp nie. En aan die begin van die tyd van benoudheid, is ons vervul met die Heilige Gees, terwyl ons uitgegaan het en die **Sabbat met groter krag verkondig het**. **Dit het die kerke en naam-Adventiste woedend gemaak [net soos Farao woedend was], want hulle kon die Sabbatswaarheid nie weerlê nie**. In daardie tyd het God se uitverkorenes almal duidelik gesien dat ons die waarheid het, en het hulle uitgekom en saam met ons gestaan in die vervolging. Ek het die swaard, hongersnood, pestilensie en groot verwarring in die land gesien. [net soos Moses aan Farao vertel het – Eksodus 5:3]. Die goddeloses het gemeen dat ons die oordele op hulle gebring het, en hulle het raad gehou om ons van die aarde te verdelg, menende dat hulle op daardie wyse die onheil sou keer.
>
> In die tyd van benoudheid het ons almal uit die stede en dorpe gevlug, maar die goddeloses het ons agtervolg, en hulle het die wonings van die heiliges met die swaard binnegedring. Hulle het die swaard opgehef om ons dood te maak, maar die swaarde het gebreek, en so magteloos soos stukkies strooi uit hulle hande geval. Ons het dag en nag gebid om verlossing, en ons geroep is deur God verhoor. Die son het opgekom, en die maan het stilgestaan. Die waterstrome het gaan staan. Donker, swaar wolke het saamgepak. Maar daar was een plek waar die heerlikheid deurgestraal het, en daaruit het ons die stem van God gehoor soos baie waters, wat die hemele en die aarde geskud het. Die uitspansel het oop- en toegemaak en dit was in beroering. Die berge het gebewe soos 'n riet in die wind, en het orals skerpkantige rotse uitgeslinger. Die see het gekook soos 'n pot en het klippe op die land uitgewerp. En toe God die dag en die uur van Jesus se koms aangekondig, en die ewige verbond aan Sy mense oorhandig het, het Hy een sin gespreek, en toe gewag terwyl sy woorde oor die aarde gerol het. *Eerste Geskrifte*, bl.31–32; *Early Writings*, p.33,34

## Die Seël van God

Dit bring ons terug na die werk van die engele in Openbaring 7.

> **Openbaring 7:1-3** EN ná hierdie dinge het ek vier engele op die vier hoeke van die aarde sien staan, en hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat geen wind sou waai op die aarde of op die see of teen enige boom nie. (2) En ek het 'n ander engel sien opkom van die opgang van die son, met die seël van die lewende God; en hy het met 'n groot stem geroep na die vier engele aan wie dit gegee is om die aarde en die see te beskadig (3) **en gesê: Moenie die aarde of die see of die bome beskadig voordat ons die dienskneгte van onse God op hulle voorhoofde verseël het nie**.

Wat is die Seël van God?

> **Openbaring 14:1** EN ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die berg Sion, en saam met Hom honderd-vier-en-veertigduisend met sy Naam en **die Naam [karakter] van sy Vader op hulle voorhoofde geskrywe**.

Waar word die karakter van God gevind?

> Mense weet nie wat hulle doen wanneer hulle die wet van God afskaf nie. Die wet van God is 'n skriftelike weergawe van Sy karakter. Dit beliggaam die beginsels van Sy koninkryk. *Die Gelykenisse van Christus*, bl. 218; *Christ's Object Lessons*, p. 305.3

Wat is die teken of merk van God binne die wet wat Sy eienaarskap daarvan openbaar?

> **Eségiël 20:20** En heilig my sabbatte; en hulle sal 'n teken [teken, monument, merk H226] wees tussen My en julle, dat julle kan weet dat Ek die HERE julle God is.

> Die waarde van die Sabbat as 'n middel tot opvoeding, is bokant berekening. **Wat God ook al van ons eis, gee Hy weer terug, verryk, verheerlik met Sy eie glorie** [karakter]. Die tiende wat Hy van Israel opgevra het was daaraan toegewy om, in sy heerlike skoonheid, die patroon van Sy tempel in die hemele, die teken van Sy teenwoordigheid op die aarde, onder die mense te bewaar. So word die gedeelte van ons tyd wat Hy opeis, weer aan ons teruggegee met Sy naam en seël daarop. "Dit is 'n teken," sê Hy, "tussen My en julle; dat

julle kan weet dat Ek die Here julle God is," want "in ses dae het die Here die hemel en aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die Sabbatdag geseën en dit geheilig." Esegiël 20:20; Eksodus 20:11. **Die Sabbat is 'n teken van skeppende en verlossende mag; dit vestig die aandag op God as die bron van lewe en kennis; dit roep die oorspronklike heerlikheid van die mens voor die gees, en getuig sodoende van God se doel om ons na Sy eie beeld te herskep.** *Opvoeding*, bl. 205; *Education*, p.250.1

**Die Sabbat sal die groot toets van getrouheid wees; want dit is die deel van die waarheid wat veral betwis word.** Wanneer alle mense voor die finale toets te staan kom, dan sal die skeidslyn getrek word tussen diegene wat God dien en tussen diegene wat Hom nie dien nie. Terwyl die viering van die valse sabbat in gehoorsaamheid aan die staatswette en in botsing met die vierde gebod, 'n betuiging van trou is aan 'n mag wat in stryd is met God, sal **die viering van die ware Sabbat, in gehoorsaamheid aan Gods wet, die bewys wees van getrouheid aan die Skepper.** Terwyl die een klas, deur die aanvaarding van die teken van onderwerping aan aardse magte die merkteken van die dier ontvang, **ontvang die ander klas, deur die teken van getrouheid aan goddelike gesag te verkies, die seël van God.** *Die Groot Stryd*, bl. 683.3; *Great Controversy*, p.605.2

Die seël van God is die volheid van Sy Gees wat die karakter van die gelowige transformeer. Hierdie proses is ten nouste gekoppel aan die Sabbat, want dit is die dag waarop die volheid van die Gees van God gegee word om Sy mense te heilig.

## Christus Dra die Vloek van die Aarde

Wat is dit wat die engele in staat stel om die winde van stryd terug te hou? Om dit te beantwoord moet ons terugkeer na die eerste simbole van die vloek, wat in die natuur gemanifesteer is.

**Genesis 3:17 – 18** En aan die mens het Hy gesê: Omdat jy geluister het na die stem van jou vrou en van die boom geëet het waarvan Ek jou beveel het om nie te eet nie — vervloek is die aarde om jou ontwil; met moeite sal jy daarvan eet al die dae van jou lewe. (18) **Ook sal dit**

> **vir jou dorings en distels voortbring; en jy sal die plante van die veld eet**.

Dit is geen toeval dat, toe Christus voor Pilatus gestaan het, Hy 'n kroon van dorings gedra het nie.

> **Johannes 19:1 – 5** TOE neem Pilatus dan vir Jesus en laat Hom gésel. (2) **En die soldate het 'n kroon van dorings gevleg en dit op sy hoof gesit, en 'n purper kleed om Hom gewerp** (3) en gesê: Wees gegroet, Koning van die Jode! En hulle het Hom in die aangesig geslaan. (4) Pilatus gaan toe weer buitentoe en sê vir hulle: Kyk, ek bring Hom vir julle uit buitentoe, sodat julle kan weet dat ek in Hom geen skuld vind nie. (5) **En Jesus het uitgekom buitentoe en die doringkroon** en die purperkleed gedra. En Pilatus sê vir hulle: Dáár is die mens!

Christus dra die vloek wat op die wêreld gekom het.

> **Galasiers 3:13** Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word — want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang —

So gou as wat die gees van rebellie in die hart van Adam op die aarde begin val het, het Christus die vloek op Homself geneem. Hy het die doringkroon gedra vir die val van die mens. Hy was geslag vanaf die grondlegging van die wêreld. Verwys na Openbaring 13:8 (King James Version).

> Christus is voor die mens gestel slegs as die gekruisigde Verlosser; en aangesien die mens juis gered moet word van die vloek, of die las, word Hy gestel as die Een wat die las dra. **Oral waar daar enige las is, daar is Christus om dit te dra. Ons het reeds gesien dat Christus ons las gedra het en steeds dra, deur ons sondes te dra. Hy dra ook die vloek van die aarde, want Hy het die doringkroon gedra, en die vloek wat oor die aarde uitgespreek is, "Ook sal dit vir jou dorings en distels voortbring".** Genesis 3:18. **So is die hele skepping, wat nou onder die las kreun, verlos deur die kruis van Christus.** Romeine 8:19-23. Vry vertaal vanuit *E.J. Waggoner, The Glad Tidings (1900)*, p. 120

Begin ons die belangrikheid van die kruis van Christus begryp? Die gees van rebellie in Adam sou onmiddellik alles in die tuin van Eden vernietig het, tensy Christus die vloek en die dorings van Adam se natuur op Homself geneem het.

> Soos hulle in die hangende blom en vallende blare die eerste tekens van verrotting aanskou het, het **Adam en sy metgesel baie dieper getreur as wat die mens nou treur oor hul dooies.** Die dood van die fyn, tenger blomme was waarlik rede om te treur; maar toe die trotse bome hul blare afwerp, het die toneel hulle tot die stellige oortuiging gebring dat **alles wat lewe tot die dood bestem is**. *Patriarge en Profete, bl.54; Patriarchs and Prophets, p. 62.1.*

Toe Adam die vrug van die boom geëet het, het hy die gees van Satan geadem. Hierdie gees is gevul met haat teenoor Christus. Sonder om sy situasie ten volle te verstaan, het Adam binne sy hart die neigings van 'n moordenaar gedra. As gevolg van syn teëstand teen die wet van God het Adam vyandskap teenoor God in sy hart gekoester.

> **Romeine 8:7** omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie.

Adam was geskok toe hy beveel is om die lewe van 'n lam te neem. Dit was die enigste manier om aan Adam sy ware toestand uit te wys. God begeer nie slagoffer of spysoffer vir sonde nie (Psalm 40:7), maar dit was nodig dat Adam die volle omvang van sy toestand sou verstaan, sodat hy moontlik berou kon ervaar.

Die saad van die dood binne Adam het verseker dat die dood die enigste uiteinde van elke lewende ding sou wees. Dit was deur sy heerskappy van die aarde dat die aarde sou sterf. Ten einde die pragtige tuin, die tuiste van Adam en Eva, te bewaar, moes die Here Adam daaruit wegneem. Die ballingskap was nie 'n bestraffende daad van God in weerwraak nie; dit was die liefde van God vir Adam dat Hy die Tuin vir hom wou bewaar.

> Weggevoer deur geluk, sien hy die bome wat eentyd sy vreugde was – daardie selfde bome waarvan hy die vrugte gepluk het in die dae van sy onskuld en vreugde. **Hy sien die wingerde wat sy eie hande bewerk het, en dieselfde blomme wat Hy eentyd met vreugde versorg het. Sy verstand besef die werklikheid van die toneel; hy sien dat dit inderwaarheid die werklike herstelde Eden is, baie liefliker nou as toe hy daaruit verban is.** Die Heiland lei hom na die boom van die lewe, pluk van die heerlike vrugte, en sê hy moet eet. Hy kyk rond en hy sien 'n groot menigte van sy gesin wat verlos is,

> staande in die paradys van God. **Hy gooi sy blink kroon aan Jesus se voete neer en hy omhels sy Verlosser.** Hy begin sy goue siter te bespeel, en die hemel weergalm van die triomflied. "Waardig, waardig, waardig, is die Lam wat geslag is en weer lewe!" **Die gesin van Adam begin saamsing, hulle werp hulle krone aan die Here se voete terwyl hulle in aanbidding voor Hom neerbuig.** *Die Groot Stryd*, bl. 729.4 & 730.1; *Great Controversy*, p.648.1

As Adam toegelaat was om in die tuin te bly, sou die ongerepte omgewing van die tuin bederf gewees het. Dus, in liefde het die Verlosser hom uit die tuin geneem om dit vir hom te bewaar vir die toekoms.

Kan ons begryp dat, indien Christus die vloek van die doringkroon nie gedra het nie, die natuur onmiddellik in opstand sou kom en ons vernietig. Juis die beginsels wat binne die hart van die mens lê, wat teenoor Christus by die kruis geopenbaar was, sou hulself in aardbewing, tornado, vuur en peste openbaar.

Elke keer wanneer jy in die natuur gaan en jy vind rus, word hierdie rus verskaf deur die Gees van Christus. Wanneer jy op die gras lê langs rustige vloeiende waters is die kruis van Christus ons kussing. Die gevare van die natuur wat ons moet vernietig, word deur ons geliefde Verlosser gedra. Soos ons Sy vrede in die skepping voel, voel Hy ons dorings. Hy doen dit vrylik uit liefde vir ons. In elke blom wat bot en in elke boom wat opgroei om skadu oor die aarde te gooi, word die kruis van Christus aan ons geopenbaar.

> Aan die dood van Christus is ons selfs hierdie aardse lewe verskuldig. Die brood wat ons eet, is met Sy gebroke liggaam gekoop. Die water wat ons drink, is met Sy vergote bloed gekoop. Geen mens, heilige of sondaar, eet sy daaglikse kos nie of hy word gevoed deur die liggaam en die bloed van Christus. Die kruis van Golgota is op elke brood afgestempel. Dit word in elke waterbron weerkaats. Dit alles leer Christus ons in die instelling van die simbole van Sy groot offer. *Die Koning van die Eeue*, bl. 660.3; *Desire of Ages*, p.660

Wanneer jy 'n gevoel van vrede ervaar wanneer jy langs die see gaan stap of naby 'n waterval kom; wanneer jy in die woud stap en verfris word deur die sagte briesie, is dit alles omdat Christus die doringkroon gedra het. Die kruis het vir alles betaal. Dit is die krag van die kruis wat die vier engele hul krag gee

om die winde van stryd terug te hou. Hierdie winde word deur die mens se opstand teen die wet van God aangeblaas.

‘Christus het ons verlos van die las van die wet, wat ‘n las vir ons gemaak is: dit is geskryf, Vervloek is elkeen wat aan die boom hang: dat die seën van Abraham mag kom op die Heidene deur Jesus Christus; dat ons die belofte van die Gees ontvang, deur geloof.’

Die vloek van die wet, en al die vervloeking wat al ooit was of ooit kan wees, is bloot as gevolg van sonde. Dit word kragtig geïllustreer in Sagaria 5:1-4. Die profeet sien ‘n “vlieënde boekrol; sy lengte is twintig el en sy breedte tien el.” Daarop sê die Here vir hom: “Dit is die vloek wat uitgaan oor die ganse land.” Met ander woorde, hierdie boekrol verteenwoordig al die vervloeking wat op die ganse aarde is.

**En wat is die oorsaak van hierdie vloek oor die ganse aarde?** – Hier is dit: “ooreenkomstig daarmee sal al die diewe hiervandaan weggeruim word, en ooreenkomstig daarmee sal al die meinediges hiervandaan weggeruim word.” Dit is, hierdie boekrol is die wet van God, en een gebod word aangehaal uit elke tafel, wat toon dat beide tafels van die wet ingesluit is in die boekrol. Elkeen wat steel – elkeen wat die wet oortree in die dinge van die tweede tafel – sal daarvolgens, afgesny word aan hierdie kant van die wet; en elkeen wat vals sweer – elkeen wat in hierdie dinge van die eerste tafel van die wet oortree – sal daarvolgens afgesny word, aan die ander kant van die wet.

Dus het die hemelse waarnemers nie nodig om ‘n verklaring van elke spesifieke sonde van elke mens uit te skryf nie; maar om eenvoudig aan te dui op die boekrol wat dit betrekking het op elke man, die spesifieke gebod wat in elke oortreding geskend is. Dat so ‘n boekrol van die wet saamgaan met elke mens oral waar hy gaan en selfs vertoef in sy huis, is duidelik uit die volgende woorde: ‘En laat dit uitgaan, spreek die Here van die leërskare, en dit sal kom in die huis van die dief en in die huis van hom wat vals sweer by my Naam; en dit sal binne-in sy huis vernag…’ [Sagaria 5:4]. En tensy ‘n middel gevind word, **sal die boekrol van die wet vernag in die huis totdat die vloek daardie man verteer, en sy huis, ‘en dit verteer saam met sy balke en sy klippe’; dit is, totdat die vloek die aarde in daardie groot dag verteer, wanneer juis hierdie elemente sal smelt met vurige hitte. Want ‘die krag van die sonde’ en die vloek ‘is die wet.**’ 1 Kor. 15:56

Maar, dank God, 'Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word'. [Gal 3:13] Al die gewig van die vloek het op Hom gekom, want 'Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word'. Hy wat 'geen sonde geken het nie, [is] sonde vir ons gemaak'. En wie Hom ontvang, ontvang verlossing van alle sonde, en verlossing van die vloek, omdat dit hul vry maak van alle sonde.

Dus, Christus het geheel en al ons laste gedra, sodat, toe die mens gesondig het, is die grond vervloek en dorings en distels voortgebring (Gen. 3:17,18). So het die Here Jesus, in die verlossing van alle dinge, 'n doringkroon gedra, en op hierdie manier beide mens en die aarde verlos van die vloek. Loof Sy naam. Die werk is gedoen. 'Hy het ons verlos van die vloek'. Dank die Here. Hy is 'n vloek vir ons gemaak, want Hy het aan 'n boom gehang.

En aangesien dit iets is wat volkome tot stand gebring is, is vryheid van die vloek deur die kruis van Jesus Christus, die gratis geskenk van God aan elke siel op die aarde. Wanneer 'n mens hierdie gawe van verlossing van al die vervloekinge as 'n gratis geskenk ontvang, gaan daardie boekrol nog steeds met hom; tog, dank die Here, om nie meer 'n vloek te dra nie, maar om 'n getuienis te wees tot 'die geregtigheid naamlik van God deur die geloof in Jesus Christus vir almal en oor almal wat glo, want daar is geen onderskeid nie' Rom. 3:22. Hierdie plan om ons te verlos van die vloek is juis 'sodat die seën van Abraham in Christus Jesus na die heidene kan kom'. Daardie seën van Abraham is die geregtigheid van God, wat, soos ons reeds in hierdie studies gevind het, slegs van God kan kom as die gratis geskenk en wat deur geloof ontvang word.

En soos 'almal wat uit die werke van die wet is, onder die vloek [is]' [Gal. 3:10] en soos 'Christus ons losgekoop [het] van die vloek van die wet,' so het Hy ons ook verlos van die werke van die wet, wat slegs ons eie werk is, en daarom net sondig is; en het, deur die genade van God, aan ons die werke van God geskenk, wat die werke van geloof is, en daarom die geskenk van God is, en wat alleenlik geregtigheid kan bring, soos geskrywe staan: **'Dit is die werk van God, dat julle in Hom glo wat Hy gestuur het.'** Joh. 6:29. **Dit is inderdaad rus – hemelse rus – die rus van God. En 'wie in sy rus ingegaan het, rus ook self van sy werke soos God van Syne.'** Heb. 4:10. Dus, Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet' en van die las van ons eie werke, dat die seën van Abraham, wat die geregtigheid is en die werke van God, 'na die heidene kan kom in Christus Jesus'. En dit alles 'dat

ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.' [Gal. 3:14]. En 'Daar is dan nou geen veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood. Want God het – wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees – deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees, sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.' Rom. 8:1-4

Alle dank en eer aan God vir die onuitspreeklike geskenk van Sy eie geregtigheid in die plek van ons sondes, en van Sy eie werke van geloof in die plek van ons werke deur die wet, wat aan ons gebring is in die verlossing wat in Christus Jesus is, wie 'ons losgekoop [het] van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word'. [Gal. 3:13]. Vry vertaal vanuit *A.T. Jones, Studies in Galations. Gal. 3:10-12, RH December 26, 1899*

## Storm op die Meer

Die implikasies van hierdie waarheid is verreikend. Neem byvoorbeeld die verhaal van die storm op die see van Galilea.

**Matthéüs 14:22 – 24** EN Jesus het dadelik sy dissipels gedwing om in die skuit te gaan en voor Hom uit te vaar na die oorkant, terwyl Hy die skare wegstuur. (23) En nadat Hy die skare weggestuur het, klim Hy op die berg om in die eensaamheid te bid. En toe dit aand geword het, was Hy daar alleen. (24) En die skuit was al in die middel van die see, geteister deur die golwe; want die wind was teen hulle.

Toe Jesus die 5000 gevoed het, het die dissipels dit as 'n geleentheid gesien om Hom koning te maak. Jesus het die skare weggestuur en sy dissipels beveel om in die boot te klim en na die ander kant te gaan. Die dissipels was nie gelukkig daaroor nie.

Die dissipels het nog daardie dag die wonderdade van Christus aanskou. Dit was asof die hemel op die aarde neergedaal het. Die herinnering aan daardie kosbare, luisterryke dag behoort hulle met geloof en hoop te vervul. As hulle uit die oorvloed van hul harte daardie

> dinge onder mekaar bespreek het, sou hulle nie in die versoeking gekom het nie. Maar hul teleurstelling het hul gedagtes oorheers. Aan die woorde van Christus: "Maak die brokstukke bymekaar… sodat niks verlore gaan nie," het hulle nie gedink nie. Dit was ure van groot seëninge vir die dissipels, maar hulle het dit alles vergeet. Hulle het hulle in troebel waters bevind. **Hul gedagtes was stormagtig en onredelik, en die Here het hulle iets anders gegee om hul siele te teister en hul gedagtes besig te hou. God doen dit dikwels as die mens vir homself laste en moeilikhede skep.** Dit was nie vir die dissipels nodig om moeilikheid te maak nie. Die gevaar was alreeds voor die deur. **'n Geweldige orkaan het hulle oorval, en hulle was nie daarop voorbereid nie.** Dit was 'n skielike kontras, want die dag was volmaak; en toe die storm tref, was hulle bang. Hulle het hul wrewel, hul ongeloof en ongeduld vergeet. *Die Koning van die Eeue*, bl. 382.2 & 3; Desire of Ages, p.380

> Skaars het Jesus in die boot geklim, of die wind het gaan lê, "en dadelik het die skuit by die land aangekom waar hulle na toe gaan." Die nag van verskrikking is deur die daeraad opgevolg. Die dissipels en andere wat ook aan boord was, het met dankbare harte aan die voete van Jesus gekniel en uitgeroep: "Waarlik, U is die Seun van God!" *Die Koning van die Eeue*, bl.385.2; *Desire of Ages*, p.382.5

Hoekom het die geweldige storm op hulle gekom? Baie mense glo dat God willekeurig besluit het om dit te stuur. Dit plaas die karakter van God in 'n valse lig. God het toegelaat dat die stormagtigheid wat in hulle eie gedagtes geheer het in die skepping gemanifesteer het. Dit is waar dat God dit toegelaat het, maar Hy het dit nie veroorsaak nie. Die dissipels het dit deur hul stormagtige gedagtes veroorsaak. Is dit toevallig dat die Gees van Profesie sê dat hul gedagtes stormagtig was? Soos die dissipels in die boot rondgeslinger was, was dit duidelik dat hulle eie stromagtige emosie hulle rondgeslinger het as gevolg van die frustrasie wat hulle ervaar het toe hulle verhoed was om Christus koning te maak. Toe Jesus in die boot geklim het, het die golwe tot bedaring gekom en het hulle by hul bestemming aangekom. Wanneer Christus in ons harte kom, raak die storm in ons stil en is ons tuis. Wanneer die Gees van Christus in ons vertoef sal dieselfde ding gebeur. Ons sal groter werke doen as dit.

**Johannes 7:37 – 39** En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink! (38) Hy wat in My glo, **soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei.** (39) **En dit het Hy gesê van die Gees wat dié sou ontvang wat in Hom glo**; want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie.

## Lees die Bybel in 'n Nuwe Raamwerk

Wanneer God se mense met Sy Gees gevul is, sal die aarde met hulle in harmonie wees. Wanneer hulle in Sy Gebooie wandel, word hulle soos bome wat by 'n rivier geplant is. In hierdie lig kan ons die oorsaak-tot-effek verhoudings sien wat ons nie van tevore raakgesien het nie.

**Matthéüs 24:7** Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnode wees en pessiektes en aardbewings op verskillende plekke.

Die feit dat nasie teen nasie opstaan veroorsaak hongersnode, pestilensie en aardbewings. Die natuurlike gebeure is nie toevallige gebeure nie, maar eerder direk gekoppel aan die aktiwiteite van die mens.

Winde en aardbewings en storms is nie ongereguleerde meganiese kragte wat uitbreek nie. Die hele natuur is in die volste sin onder beheer van die fisiese wet. Dit is die uitdrukking van 'n hoër wil. "Hy versamel die winde in Sy vuiste" [Spr. 30:4]; "Wie het die waters met die holte van sy hand afgemeet," [Jes.40:12]; Hy "wat van die wolke sy wa maak," [Ps 104:3]; "Die Here het gesit oor die Watervloed; ja, die Here sit as Koning tot in ewigheid." [Ps. 29:10]. Laat geen menslike wysheid die groot Soewereine Een van die heelal onttroon en uittart nie. "Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is" [Hand 17:24] is die Helper. Die hele natuur is slegs die uitwerking van die wette wat Hy gemaak het, 'n manifestasie van Sy soewereine wil. Vry vertaling vanuit *Ms 10, 1906. Manuscript Releases*, Vol. 3, p. 342.2

Dit is 'n groot en wonderlike feit dat, in die natuurwette van God, volg effek die oorsaak met onfeilbare sekerheid. Die saad wat gesaai is, sal 'n oes van sy soort produseer. So is dit in die menslike natuur. Hy wat saai na die vlees, sal na die vlees korrupsie maai. Hy wat na die gees

> saai, sal na die gees die ewige lewe maai. As mense sou besef dat hulle hul eie oes bewerkstellig, sou hulle versigtig wees watter saad hulle saai. Vry vertaal vanuit *Ms 104, 1898. Manuscript Releases*, Vol. 3, p. 342.3

Die hongersnood wat oor Egipte gekom het in die dae van Josef was nie ‘n willekeurige gebeurtenis nie, dit het direk verwantskap gehad met die afgodery, oorloë en immoraliteit en oortreding van die gebooie van God. Die verhaal van die vloed, Sodom en Gomorra, die plae van Egipte en baie ander is almal direk verwant aan die heerskappy van die mens oor die aarde en die aarde volg bloot die geprogrammeerde wette van oorsaak tot gevolg.

In elke oomblik van elke dag het ons ons lewens verskuldig aan die bemiddeling van Jesus wat vrede in ons bemoeide aarde blaas. Mag ons ewig dankbaar wees daarvoor en in Sy gebooie en wette wandel. Mag ons gevul word met die Gees, dat ons kan heers oor die aarde en ons heerskappy in Christus herwin.

# Die Heerskappy van die Aarde

## Die effek van die mens op die natuur

Onder die vloek van die sonde sou die hele natuur teenoor die mens getuig van die gevolge van opstand teen God. God het die mens gemaak om oor die aarde en al die lewendige wesens te heers. **Solank Adam aan die Hemel getrou gebly het, was die ganse natuur aan hom onderdanig. Maar toe hy teen die Goddelike wet opstaan, het die minderwaardige skepsele teen hom opgestaan**. So het die Here in Sy genade geprobeer om die heiligheid van Sy wet aan die mense te verduidelik en om hulle deur eie ervaring te leer hoe gevaarlik dit is om dit, selfs in die geringste mate, te veronagsaam. *Patriarge en Profete, bl 52*

Onder die geringe skepsels het Adam as koning gestaan, en solank hy aan God getrou gebly het, het die ganse natuur sy heerskappy erken; maar toe hy oortree, is hierdie heerskappy verbeur. Die gees van rebellie, waaraan hyself toegang verleen het, het deur die ganse diereryk versprei. So het nie net die lewe van die mens nie, maar die geaardheid van die diere, die bome van die woud, die gras van die veld, selfs die lug wat hy ingeasem het, alles die treurige les van die kennis van die kwaad verkondig. *Opvoeding*, bl. 13